







# Klein maar *ruim*

Klein hoef nie beknop, donker en benoud te wees nie. Die binneversierder **Elsje Schonken** en haar man, **Jacques**, het dit reggekry om met slim beplanning hul piepklein dubbelverdieping-dorpshuis te omskep in 'n blyplek wat oop en ruim voel

FOTO'S **HENK HATTINGH EN ELSJE SCHONKEN**







*Wie woon hier?*

Jacques en Elsje Schonken met hul worshond, Anna.

**Grootte van huis** 80 m²

**MOOI BUITE**

Die agtertuin was met paaltjies omhein en dis met 'n hoë muur vir privaatheid vervang. Die stoep met 'n onderdakbraaiplek is aangebou en 'n buitedeur onder by die trap loop direk uit op die stoep. Buiteblindings sorg dat hulle heeljaar op die stoep kan kuier. Die tafel was haar skoonouers s'n en Elsje het dit met motorspuitverf laat verf. Dit is een van haar gunsteling-"vertrekke" en was die beste belegging in haar oë. >







**Is dit jul eerste huis?**

Ja, ek was nog 'n finalejaarstudent in industriële ontwerp en Jacques het pas begin werk, toe ons die klein juweel ses jaar gelede in 'n sekuriteitskompleks raakgesien het. Ons het omtrent geraap en skraap om dit te kon bekostig. Albei van ons het nog by ons ouers gewoon en ons het besluit om die plek te verhuur. Sodoende kon ons lekker spaar vir wat ons nog wou doen met die huis.

**Wanneer het julle toe getrek?**

Ons het besluit om hier te kom bly toe ons twee jaar gelede getroud is en het feitlik dadelik met die veranderinge begin.

**Hoe het jul begroting gelyk?**

Die eerste ding wat ons gedoen het, was om 'n begroting op te stel, met 'n bietjie vet ingebou vir die onvoorsiene. Ek en Jacques is 'n goeie span. Hy werk in die finansiële wêreld en ek het my eie binneversierondememing, Schonken Interiors (www.schonkeninterior.com), maar ons het dieselfde visie vir ons plek. Ons begroting was R150 000 twee jaar gelede, plus R30 000 ekstra vir gehalte-afwerking soos krane en ligskakelaars. Ons het dit sowaar reggekry om binne die begroting te bly en het alles gedoen wat ons wou.

**Wat het julle eerste gedoen?**

Ons het basies die hele binnekant van die huis gestroop. Teëlvloere is opgekap en vervang met verseëlde afgevlakte sement om 'n aaneenlopende vloei aan die vertrekke te gee. Die hele badkamer en kombuis is oorgedoen, die agterdeur en balkondeur vervang en die boonste vertrekke se deure is omskep in skuifdeure. Alle ingeboude kaste is uitgebreek, 'n nuwe braaistoep is agter aangebou en die hele huis is binne geverf. Van die goed kon ons self doen en dit was 'n groot besparing.



**DIE WIT TRAP**

Dit het net sin gemaak om die vloei van die wit vertrek te behou deur die trap wit te verf. Die ruimte onder die trap is Anna, hul geliefde worshond, se lêplek. Ander los goed soos die piekniekmandjie word ook hier gebêre.

**WENK**

Stoor los goed in 'n netjiese mandjie of 'n stylvolle boks, veral as dit in die oog is.




**▸ DIE EETKAMER**

Die voordeur maak oop in die eetkamer. Dié vertrek sluit aan by die kombuis en was eers die sitkamer, maar omdat die Schonkens van lang kuiers om 'n tafel hou, was dié verandering 'n briljante plan. Dis ook hier waar Elsje sit en werk. Die vertrek is lank en smal en 'n doelgemaakte tafel pas perfek in. Sagte eetkamerstoele is gekombineer met antieke tolletjiestoele. Elsje het 'n sagte plek vir 'n ou kas soos dié een in die eetkamer.

Elsje se kantoor is die eetkamertafel en 'n klein trollie. Elke aand pak sy alles op die trollie en vat dit garage toe. Wees streng, moenie opgaar nie. >



**WENK**
'n Los kas beperk jou minder as ingeboude kaste en kan rondgeskuif word as jy later die vertrek se voorkoms wil verander.









## Hoe is die kombuis verander?

Die kombuis is in 'n U-vorm wat goed werk, maar daar was 'n baie klein onpraktiese eethoekie waarby skaars een mens kon sit. Ons het die hele kombuis uitgehaal. Ek is mal oor aanlyn snuffel en het op Gumtree goeie tweedehandse kombuiskaste raakgesien. Ek het net geweet dit gaan werk en ons het drie bakkievragte kaste aangery – hopeloos te veel vir die klein kombuis, maar ek kon toe kies en keur. Met die res kon twee vriende ook hul kombuise vernuwe. Jacques wou 'n wit kombuis hê en ek 'n swarte. Toe het ons maar 'n kompromie aangegaan met wit kaste bo en swartes onder, en 'n kombuisblad van wit Amerikaanse essenhout. Bo het ons die kaste net so gemonteer en dit 'n vars laag verf gegee. Vir die onderste kaste het ons wel 'n nuwe raamwerk gebou, maar die bestaande deure gebruik en dit swart geverf. Dit was 'n reuse-besparing.

Ek sou aanbeveel dat jy 'n bietjie kennis moet hê as jy tweedehands koop, sodat jy jou nie 'n kat in die sak koop nie. >



na



**WENK**
Kies die beste en mooiste krane wat jy kan bekostig, dit laat die kombuis dadelik afgerond en luuks lyk.



### ▲ KASTE VIR HOM EN HAAR
Die ingeboude kaste is uitgehaal en vervang met twee antieke eikehoutkaste, wat bydra tot die knus gevoel van die kamer. Los goed word in stylvolle mandjies bo-op die kas weggepak.

### ▼ SKUIFDEURE
Die drie deure op die boonste vloer het baie ruimte opgeneem. Al drie is afgehaal en die slaap- en badkamer s'n is verander na skuifdeure. 'n Mooi deurkap is bo die glyspoor gemonteer om dit weg te steek.






### ▲ DIE SLAAPKAMER
Vir die slaapkamer het Elsje ook sagte kleure gekies vir 'n kalm atmosfeer. 'n Ekstra-dik gestoffeerde kopstuk gee fokus. Sy maak die bed interessant op met verskillende lae beddegoed vol tekstuur en hou die vertrek sover moontlik vry van los goed. >

**HOE KAN JY JOU KLEIN PLEK GROTER LAAT LYK EN MEER RUIMTE SKEP?** ■ Stoor goed ordelik en mooi, bv. in interessante mandjies en houers. ■ Gebruik die ruimte onder jou trap, maar moenie dat dit 'n stortingsterrein word nie. ■ Hou oppervlakke so skoon as moontlik. Te veel los goed laat dit slordig en beknop lyk.



**WATTER VERSKAFFERS HET JY GEBRUIK?**

- **Vloere** Cape Industrial Flooring www.capeindustrialflooring.co.za
- **Krane** Cobra www.cobra.co.za
- **Kombuiskaste** Tweedehands op Gumtree gekoop
- **Teëls** Douglas Jones www.douglasjones.co.za
- **Kombuislig** The Lighting Warehouse www.lightingwarehouse.co.za
- **Wasbak** Victorian Bathrooms www.victorianbathrooms.co.za
- **Ligskakelaars** Crabtree www.crabtree.co.za
- **Eetkamerstoele** @home www.home.co.za
- **Los kaste en ander antieke meubels** Wispen Interiors, Kaapstad (079 499 6150) en Romantiques, Hermanus (028 312 4226)
- **Verf** Dulux Chiffon White 2 vir mure
- **Ander bykomstighede** Haar eie interieur-reeks, Raar (www.raar.co.za) en Weylandts (www.weylandts.co.za)




**▲ 'N SPLINTERNUWE BADKAMER**

Dit was die grootste en duurste verandering. Die badkamer was beknop en die vloei verkeerd. Alles is omgeswaai, die bad is uitgehaal en 'n groot, luukse stort geïnstalleer. Die deur moes geskuif word sodat die stort kon pas, maar dit was die moeite werd. Elsje het 'n ou wastafeltjie wit geverf en die wasbak daarop gemonteer. Die spieël pas goed hierby en 'n potplant in 'n ruwe houthouer gee lewe aan die vertrek. Los goed word op sweefrakke gepak (sigbaar in spieël). S

**ELSJE VAN SCHONKEN INTERIORS (WWW.SCHONKENINTERIOR.COM, 083 442 1751) bied die volgende dienste aan:** ■**'n Volledige diens** Konsultasie, inspirasiebord, bestuur van projek. ■**'n Ideesdiens** Verskaf 'n inspirasiebord en lys van verskaffers. ■**Antwoord in 'n klik** Jy kan vrae binne 'n gegewe tydperk op die internet vra.